REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Tien jaar lank al dra die Olielamp sy "tydelike" naam, tien jaar lank stry die redaksies steeds oor onbenullighede, maar na tien jaar lank brand die Olielamp nog steeds waar ons as jeug die evangelie mag deel met mekaar.

Oud-redaksielede kyk nostalgies terug in die jare waarin hulle lid van die Olielamp mog wees. Een van die oud-lede, Mirjam Miske, het opgemerk dat sy nie kan glo dit is al tien jaar vandat hulle die Olielamp begin het nie. Dan kom die waarheid ook uiteindelik uit: Hoekom praat party mens van die Oliefant in plaas van die Olielamp.... lees binne hoe die ou-redaksies mekaar goed die draak gesteek het en watter nonsens daar al in die Voetspoor en Sleutelgat kwytgeraak is.

Dit is wonderlik om te sien hoe twee afsonderlike jeugblaaie: Wapenrusting en Rehoboth kon saamsmelt om 'n Nasionale jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke te word. Ons mag dankbaar wees dat die Here ons die geleentheid gegee het, en dat ons nou nog daarmee mag voortgaan. Dank Hom daarvoor en vier saam fees!

Dankie aan almal wat deur die jare onbaatsugtig aan die Olielamp gewerk het, of dit nou artikels skryf, redigeer of uitleg was. Julle is die beste!

Die Pretoria-redaksie

Carina

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Olielamp – 'n dekade van jeugartikels 3
Uit die Woord 5
Ondankbaarheid en geheueverlies..... 6
(Lukas 17:11-19) 6
Salig is die vredemaker 8
God se gebod vir sy verbondsjeug 9
bied lewensvreugde 9
Oppad..... 10
Evolution could not do this..... 10
Begin die ewige lewe nou al?..... 12
God en wiskunde..... 13
Voel jy ook so? 14
The Da Vinci Code – by Dan Brown 14
Dan dank ek Hom!..... 16
Lag: menslike uiting van vrolikheid 17
Wees bly! 18
Nog iets..... 19
The 7 up's 19
Christenwees is nie vir sissies nie..... 22
Voetspore..... 23

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 13 Augustus 2006

Olielamp – 'n dekade van jeugartikels

Tanya de Vente

Tien jaar gelede het 'n aantal jeuglede besluit om 'n nasionale jeugblad te begin in plaas van om verskeie plaaslike publikasies te hê. So is die Olielamp gebore.

Drie redaksies is gestig - Pretoria, Johannesburg en Kaapstad. Daai heel, heel eerste drie redaksie-lede was Marieke Haak (de Wit), Iemke ??? (Buenk), Johan Moes, Rinus Kamphuis, Tineke van Alten (de Vries), Johannes de Vries, Gerjan Hagg, Axel Hagg, Jopie van der Linden, Maartje Potgieter (Eefting), Erik van Alten, Ester Marais (Kuyvenhoven) en Christine Breyl (van der Linden). Ek het 'n paar van hulle gaan vra hoe was dit om die Olielamp te begin en wat onthou hulle van daai tyd.

Christine Breyl sê dit was vir haar 'n baie opwindende tyd. "Ons het baie kajuitraad gehou oor hoe ons veronderstel is om 'n jeugblad te bestuur en watter tipe artikels in die behoefte van die jeug sal voorsien."
Die jeug se reaksie toe die Olielamp vir die eerste keer verskyn het? "As ek reg kan onthou was dit oor die algemeen baie positief. Ons het altyd ook baie bereidwillige artikel-skrywers gehad, wat ons taak aansienlik vergemaklik het," sê Christine. Sy sal nooit die belangrikheid van koekies en koffie by 'n vergadering vergeet nie. Vandag bestuur sy 'n gastehuis in Kleinmond (Haus Windhoek).

Erik en Tineke van Alten is vandag die predikantspaar van Pretoria-Maranata, maar was ook albei destyds op die Olielamp redaksie.
Erik sê hulle het destyds gereken dat hulle 'n taamlik ambisieuse projek aanpak deur 'n nasionale jeugblad te begin. "Destyds het die Kaapse jeugblad, die Rehoboth, baie goed gefunksioneer, en was ons effens huiwerig om aan die Olielamp te begin. En tog was dit natuurlik mooi om op so 'n breë vlak saam te werk. Sekerlik die grootste frustrasie was die sperdatums veral as jy dit via epos probeer handhaaf."
Hy sê hy kan nie lekker onthou wat die reaksie was nie. "Miskien was ons te trots oor ons eerste poging... Die les: luister na die jeug wanneer julle die Olielamp saamstel."
Erik sê die naam van die blad was seker een van die moeilikste dinge. Na lang oorwegings en ernstige diskussies het ons op "die Olielamp" besluit. 'n Groot besluit... Gevolglik kon ons dit nie baie waardeer toe iemand vir 'n grap besluit het om bo-aan een van die uitgawes nie "die Olielamp" nie, maar "die Olifant" te plaas nie. Wat vir 'n ongeestelike grap was dit bo-aan 'n geestelike tydskrif...". Vandag kan 'n mens die ligter kant daarvan insien.

Gerhard Bijker onthou dit nog baie goed. Hy het **Gerrit Smit** gevra om vir hom 'n paar logo voorbeelde te bring van Olielampe… Gerrit kom toe met 'n aantal Olifant logo's by hom aan. Gerrit sê dit is nie sy skuld hy het gehoor Olifant nie… vandaar die groot grap. Vandag word daar steeds deur mense verwys na die Oliefant.

Johannes de Vries was redakteur van die Wapenrusting. "Ons het voor 'n kongres as Pretoria, Johannesburg en Kaapstad redaksies bymekaar uitgekom om te "merge". Dis hoe die Olielamp tot stand gekom het."
Die jeug was baie positief veral omdat daar nou artikels en nuus uit die Kaap en JHB ook in die blad was. Ons het net 'n paar uitgawes gehad en ons bes probeer om die blad professioneel te laat lyk. Die verantwoordelikheid van die uitgawe het geroteer tussen die 3 redaksies. Johannesburg het toe sonder ons wete die OLIERAMP uitgebring. Ons was glad nie beïndruk nie.
Johannes werk vandag by die Tshwane Universiteit van Tegnologie, hoofsaaklik as netwerk administreerder (IT) en fasiliteitsbestuurder vir ons departement.

Gerjan Hagg kom ook uit die Wapenrusting generasie, vandag werk en klim hy saam met sy vrou Henriëtte in die VSA. Sy eerste herinneringe aan die Olielamp is:
"Ek onthou ons moes vou en kram en vou en kram en vou en kram en vou en kram…."
"Ek was die penningmeester en moes saans in die donker op my fiets rondry om ledegeld te kollekteer."

Mirjam Miske sê sy kan nie glo dat dit tien jaar gelede is dat die Olielamp begin het nie. "Dit laat my redelik oud voel...". Sy sê in die begin moes ons nog eers die jeug oortuig dat dit 'n goeie ding sal wees om 'n nasionale blad (in plaas van 'n aantal plaaslike blaaie) te hê. Daarna moes ons alle praktiese reëlings uitwerk - hoe gaan die uitleg van die blad wees, wie doen wat, hoeveel keer per jaar bring ons die Olielamp uit, ens.
"Nadat die Olielamp die eerste paar keer verskyn het, het die mense meer positief begin raak. Dit was interessant gewees vir mense om artikels van jeug van ander gemeentes te lees."
Mirjam is vandag al langer as twee jaar getroud en werk as administratiewe beampte by 'n instituut. Haar en Kornelis se eersteling is ook oppad!

Wonderlik om te sien hoe daar soveel gebeur het en tog tien jaar later bestaan die Olielamp steeds en brand die vlammetjie, desondanks olie wat partykeer laag is.

Uit die Woord

Na my beste wete word daar in die statute (opgestel in die tyd dat almal nog baie lief vir statute was) van die Olielamp gestel dat *Uit die Woord* die belangrikste rubriek van die Olielamp is, en dat daar in elke uitgawe van die Olielamp 'n artikel vir dié rubriek moet wees. Die belang van die rubriek word onderstreep deur die feit dat dit vóór in die Olielamp staan. Dis eintlik 'n vreemde verskynsel dat belangrike goed voor in tydskrifte staan: Negentig persent van alle tydskriflesers wat ek ken, sal 'n tydskrif van agter af vorentoe deurblaai en dan besluit wat om te lees. Aan die ander kant, as alle tydskrif redakteurs nou besluit om die belangrike artikels op die agterste bladsye te plaas sal daar, as ek moet raai, die gewoonte onstaan om 'n tydskrif van voor af deur te lees. 'n Mens hou gewoon net nie daarvan om ontspanningstyd te bestee aan nuttige dinge nie.

En as 'n mens al die artikels van *Uit die Woord* deurgaan, is dit dalk iets wat skort met die rubriek: verrykende inhoud, goeie navorsing ensovoorts, ensovoorts, maar dikwels skep dit die indruk van 'n klein JV-voorstudieboek wat ons almal te veel aan verpligtings herinner. 'n Mens sou kan argumenteer dat geloof en die Bybel nie daar is vir ons vermaak nie en dat dit definitief 'n verpligting is - 'n argument wat dink ek wel aanklank sal vind. Want jy moet tog uit dankbaarheid iets doen vir die geloof? En trouens, as jy glo is dit mos lekker om oor die Bybel te lees? Mooi teoreties korrekte argumente. Daar is egter twee eienskappe van die Olielamp wat hierdie teoretiese argumente in die praktyk laat faal.

Eerstens, die Bybel is verpligte leesmateriaal, die Olielamp is iets wat jy wil hê, waarvoor jy selfs moet betaal (*highlight* hierdie laaste twee woorde en lees dit elke aand twee keer voor jy gaan slaap). En ja, as 'n mens 'n tydskrif koop, is dit gewoonlik vir vermaak en ontspanning - anders koop jy dit nie.

'n Baie belangriker praktiese feit is dat die Olielamp gemik is op 'n baie spesiale groepie mense: die jeug van vandag (dies waarby oumense hul hoofde skud as daar oor hulle gepraat word). En daar is 'n rede hoekom hulle hul hoofde skud: as jy jonk is glo jy en doen jy en bid jy en lees jy en gaan jy katkisasie toe omdat jou ouers so sê. Nie net omdat hulle 'n lat het nie, maar ook omdat jy weet dat wat hulle sê, oor die algemeen reg is, veral met belangrike goed soos kerksake. En dis mooi, want so leer jy glo en ervaar jou geloofslewe maar min probleme. En as jy oud is, wel, dan het jy gewoonlik al wel agtergekom dat dit wat jy as kind geleer het, oor die algemeen akkuraat is. Maar as jy jeugdig is… jy het al alles geleer, jy ken die teorie, alle katkisasieboeke is al deurgewerk, *maar jy het nie al alles ervaar nie*. Jy glo nie meer so blindelings soos 'n kind en jy het nie die ervaring van 'n oumens nie en jy wil nie net weer dieselfde teorieë, presies reg uit die boekies hoor nie. Jy wil agterkom dat dit reg is. En ek is seker dat, as jongelinge (hierdie jongeling in elk geval) sien dat 'n stukkie weer volgens die boekies is, hy/sy sommer baie minder lus het om dit te lees.

Maar dis belangrik dat sulke jeugdiges nie heeltemal van die Here vergeet nie. Wat hulle dus nodig het is om die Waarheid te hoor wat God self vir ons vertel. Nie volgens die boekies nie, maar uit die Boek. *Uit die Woord* dus. En daar is dink ek baie wat dit broodnodig het. As jy dan 'n goeie werk wil doen, skryf iets vir *Uit die Woord*. Iets wat mense leer of wat die Here self vir ons leer. My riglyne aan jou: lees 'n stuk, lees wat verskillende mense daaroor skryf, maak dit jou eie. Maak dan alle boekies toe en skryf dit neer wat jy meer van die Here geleer het. Nie hoe dit teoreties in die Bybel bedoel is nie, maar hoe dit jou iets meer van die Here geleer het, of sommer net wat jy van die stuk dink. So lank dit nie teen die Bybel ingaan nie. Ek is seker jy sal iewers 'n jeuglid help, want baie van ons het net nodig om die Here beter te leer ken, en net te hoor wat Hy vir ons sê.

Daar is dink ek reëls vasgelê vir artikels vir *Uit die Woord*, minimum en maksimum aantal woorde en daar word selfs ook na sinskonstruksie en spelling gekyk voor jou artikel geplaas word. As jy nie daaraan kan voldoen nie, ignoreer die vereistes, vir my part mag alles, solank jy die stuk waaroor jy skryf jou eie gemaak het. Moet net nie onsin skryf nie. Dit is per slot van rekening een van die voorste artikels. – red

Ondankbaarheid en geheueverlies
(Lukas 17:11-19)

Arjan van Houwelingen

Nou ja. Is daar 'n keer 'n lekker positiewe tema-uitgawe oor dankbaarheid wat 'n mens mooi kan laat goed voel oor die lewe en dan tref jy op een van die eerste bladsye klaar weer 'n negatiewe stuk aan — iets oor ondankbaarheid. Is dit nou rêrig nodig? Kan ons nie eerder bietjie uitvind wat al die mooi dinge is waarvoor ons dankbaar kan wees nie? Dis nou juis die hele probleem. Die feit dat ons telkens weer moet nadink en terugkyk om te onthou dat ons dankbaar moet wees, dui daarop dat ons in ons geloofslewe veral met een ding sukkel: om *volhoubaar* dankbaar te wees. Ons ly, op die gebied van God se groot dade, maar alte dikwels aan geheue-verlies. Om blywend dankbaar te kan wees sal dit dus goed wees om te sien wat hierdie vergeetagtigheid veroorsaak.

Mr. Fix-it

'n Bekende voorbeeld van ondankbaarheid vind ons in Lukas 17:11-19: Tien melaatse manne wat Jesus vra om hulle gesond te maak. Jesus sê vir hulle dat hulle maar solank na die priesters kan begin stap, Hy sal hulle gesond maak. Terwyl hulle wegloop, maak Jesus hulle gesond. Dit lyk asof nege van die tien melaatses nie te verwonderd daarvan is nie. Miskien het hulle al baie van Jesus se wonders gehoor en dalk 'n paar gesien. In elk geval, al was hulle waarskynlik bly oor hulle skielike gesondheid, wys hulle geen teken van verwondering nie. Net een gaan terug om dankie te sê vir Jesus en om God te verheerlik.

As ons dit lees skok dit ons 'n bietjie. Hoe kan mense so ondankbaar wees? En dan nog wel nege van die tien! Dis dus menslike natuur om nie dankbaar te wees nie! Om uit te vind wat die oorsaak van dié ondankbaarheid is, moet ons kyk wat die verskil tussen die ondankbare nege en die dankbare een is.

Aan die einde sê Christus vir die een wat omgedraai het: jou *geloof* het jou gered. Is dit die verskil? Het die ander nie geglo nie? Wel, een ding is seker: hulle het baie duidelik geglo dat Jesus magtig genoeg is om hulle gesond te maak. Anders het hulle nie reeds na die priesters begin stap (om te gaan wys dat hulle weer rein is) terwyl hulle nog melaats was nie. Om dit te doen moes hulle seker daarvan gewees het dat Jesus hulle gaan genees. Nee, aan Jesus se mag twyfel hulle nie.

Maar hulle sien Jesus as 'n probleem-oplosser. 'n Handige *Mr. Fix-it* vir as jy in die moeilikheid is. Wonderlik, Jesus het hulle mooi gesond gemaak. Nou kan hulle weer tussen gewone mense gaan woon. Dis tog wel 'n geluk dat daar juis in die tyd wat húlle lewe, so 'n groot profeet optree. Slegs die één sien Jesus as sy Here en Verlosser. En dit is hoekom hy meer dankbaarheid wys: die Here het nie net sy liggaamlike toestand nie, maar sy hele lewe verander.

As ons die Here as 'n Persoon sien wat ons net hier op aarde elke keer met ons sorge uithelp, hou ons dankbaarheid nie baie lank nie. Natuurlik, Hy sorg ook vir ons met aardse goed (die Onse Vader het selfs 'n bede daarvoor), maar hy belowe nêrens vyfster-verblyf en -kos hier op aarde nie. Net geloof in God se algehele verlossende werk gedurende ons hele lewe gee blywende dankbaarheid.

Nog 'n treffende voorbeeld van hoe gou dankbaarheid kan verdwyn as ons God as 'n "weldoener" in plaas van ons Verlosser sien, vind ons in die Ou Testament tydens Israel se trek deur die woestyn. Die lewe in Egipte was nie maklik nie, die Egiptenaars het hulle onderdruk en hulle het baie ontberinge gely. Daarom was hulle baie bly toe God hulle daar uitgelei het (Exodus 15). Maar vinnig sien hulle dat die lewe in die woestyn *ook* nie maklik is nie,

Stilstaan

Wol

Die herder soek die beste gras vir sy skape.

Wat doen die skape?

Aan die einde van die dag spoeg hulle die gras voor die herder se voete uit sodat hy kan sien watter goeie gras hulle vandag geëet het.

Nee, tog nie.

Die skape eet die gras, herkou dit, verteer dit en produseer die pragtigste wol!

Die Goeie Herder gee Sy Woord as voedsel vir Sy skape.

Wat doen die skape?

Aan die einde van die dag lê hulle hul Bybel voor die Herder se voete neer sodat Hy kan sien watter goeie Woord hulle vandag gelees het.

Nee, tog nie.

Die skape lees die Woord, oordink dit, leef dit uit en produseer die vrugte van die Gees!

en dat hulle *nog steeds* ontberinge moet ly. Omdat hulle God nie sien as hulle volkome Verlosser nie, maar net as iemand wat hulle lewe hier op aarde moet beter maak, verval die dankbaarheid vinnig. Al in Exodus 16 raak hulle ongelukkig met die Here se leiding. Die lewe op daardie moment is immers nie veel beter as wat dit in Egipte was nie? Hulle sien nie raak dat God hulle volkome verlos en besig is om hulle lewe te lei nie, maar staar hulle vas op die oombliklike omstandighede. So is die hele woestynverhaal vol van verhale oor die ondankbaarheid van die volk en die liefde van God wat steeds weer vir hulle wys dat hy nie net 'n *Mr. Fix-it* God is nie, maar 'n God wat hulle hele lewe wil oorneem en op *Sy* alwyse manier vir hulle wil sorg. Moses som dit mooi op in Deut. 1-4, veral Deut. 1:29-30 waar Moses vir hulle wys dat hulle gebrek aan geloof hulle verhinder het om te sien hoe God hulle hul lewe lank gedra het in liefde.

Ek verdien dit!

Weer terug na die verhaal van die tien melaatses. Behalwe vir sy geloof is daar nóg 'n verskil tussen die een dankbare en die nege ondankbares. In vers 16 lees ons dat hy 'n Samaritaan was. Die mededeling staan so 'n bietjie los van die andersins vloeiende verhaal. So asof Lukas dit êrens moes indruk omdat dit belangrik is alhoewel dit nie heeltemal in die verhaal inpas nie. Hoekom is dit nou juis 'n Samaritaan wat omgedraai het? Is dit bloot toevallig? Dan sou Lukas waarskynlik nie die moeite gedoen het om dit te noem nie. Die rede hoekom die Samaritaan meer geneig was tot dankbaarheid as die ander, gee Jesus in Lukas 5:31: *"Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is*." Al die melaatses was siek, maar nou dat hulle gesond is dink hulle dat hulle Jesus tog nie meer nodig het nie. En dis mos net billik dat Hy hulle gesond gemaak het? Hy kon dit doen en dit sou daarom tog harteloos gewees het as Hy dit nie gedoen het nie? Veral omdat hulle Jode is het hulle tog reg op God se genade as Hy 'n profeet stuur?! Net die Samaritaan besef dat hy totaal en al siek was, dat hy nie op Jesus se wonderwerke reg gehad het nie. Hy is nie eers deel van God se volk nie. Hy kan nie aanspraak maak op sy herkoms nie. En *tog* besluit Jesus om hom te help. Hy wat niks verdien nie. Jesus kom tog na hom.

Jesus het geleer dat ons almal (insluitend Jode en kerkmense) niks verdien nie (sien selfde hoofstuk, vers 10). Dat God alles uit genade gee. Dat as dit oor verdienste gaan, ons eerder verdien dat God ons uitlos. Maar nou het Hy dit vir ons verdien dat God ons deur ons hele lewe dra en verlos van die ongemak wat ons vir onsself op aarde geskep het. En Hy doen dit op 'n baie beter manier as wat onsself sou kan uitdink. En Hy is ook nóú besig daarmee, daarvan kan jy seker wees. Dis iets om heeltyd dankbaar voor te wees.

Spesiale toekenning

Aan: Arjan van Houwelingen

Vir sy nimmereindigende onbaatsugtige lidmaatskap en sy agt jaar lange diensverlening tot die redaksie sonder bereidwilligheid om te bedank of geskors te word.

Salig is die vredemaker

Heléne Hofsink

Matt. 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

In 'n sekere sin vorm die sewende saligspreking die klimaks van die saligsprekinge. Van alles wat God van ons vra, is dié saligspreking die samevatting. As ons al die ander dinge is wat in die vorige saligsprekinge van ons gevra word, dan sal ons vredemakers wees.

Dat ons hier inderdaad met 'n klimaks te doen het, word ook bevestig deur die heil wat aan ons toegesê word in die tweede deel van die vers. Die wonderlikste benamings word gegee aan dié wat hulle lewe gee vir vrede maak. Hulle sal kinders van God genoem word.

Daar is ten minste drie duidelike betekenisse van die "vrede" en "vredemakers" waarvan Jesus in hierdie saligsprekinge praat.

In die eerste plek is dit nodig om te verstaan dat die vrede waarvan Jesus hier praat 'n totale saak is. Dit gaan nie net oor die vrede in ons hart nie, ook nie net oor 'n vredesverhouding met God nie, ook nie net oor vrede tussen mense of nasies of volke nie. Dit is ál hierdie dinge en nog meer! Dit gaan inderdaad in die vrede om die volheid van God se heil. As Jesus hier van vrede praat, het Hy nie net goedbedoelende en vriendelike kerkmense in gedagte nie. Hy praat van alle mense, letterlik almal. Die sewende saligspreking wil ons daaraan herinner dat die kerk in God se heilsplan 'n middel en nie die doel is nie.

In die tweede plek is dit duidelik dat as dit oor *alle* mense gaan, dan sluit dit ook die vyande en vervolgers in. In hierdie hoofstuk word daar deurgaans na vrede verwys. In verse 23-26 gaan dit oor die belangrikheid van die versoening met mense wat iets teen jou het. Verse 43-48 handel oor liefde vir die vyande. As ons dan terugdeins vir die opdrag om vrede te maak met selfs die vyand, is ons die naam "kinders van God" nie werd nie.

In die derde plek moet ons aan hierdie vrede dink as 'n vrede wat nie iets wegneem uit die lewe nie, maar juis iets daaraan toevoeg. Dit neem nie noodwendig nou al die stryd weg nie, maar dit verander die situasie deur die toevoeging van liefde, sorg en hulp. Vredemakers is mense wat hulle beywer vir die skep van 'n positiewe lewensruimte.

'n Mens kan groot begin dink oor God as jy verstaan dat die vrede waarvan Jesus hier praat nie 'n verre ideaal of 'n onmoontlike droom is nie, maar dat dit 'n realiteit is wat in Sy kerk reeds gevestig is en reeds bestaan! Ons het dit nie in ons om die soort vrede wat die wêreld werklik nodig het, aan die mensdom te gee nie. Ons moet leer dat die vrede wat mense maak, nie standhou in die wêreld nie, maar dat ons meer na God moet begin kyk en begin bid vir 'n Goddelike Vredevors wat 'n stukkie van die hemel se vrede hier op aarde sal kom vestig.

Deur Sy kruis het Jesus 'n vrede op aarde gevestig wat nooit terugdraai of op enige manier ongedaan gemaak kan word nie. Dit is 'n ewige vrede wat vir altyd sal duur. Dit is juis as 'n mens hierdie punt goed verstaan dat dit makliker word om ook na ons vyande te gaan met die evangelie en met die liefde en vrede van Jesus Christus.

Die geluk lê sekerlik nie in 'n belofte dat elke poging wat ons aanpak geslaagd sal wees nie. Ook nie daarin dat die groot, finale vrede na 'n paar jaar van eie inset sal aanbreek nie. Die Heer wat die vrede gestig het, is die Een wat dit ook self tot afronding sal bring.

Ons kan dus weet dat die seën wat lê in 'n lewe vir vrede, nooit sonder pyn, ontwrigting en teleurstellings is nie. Tog is daar 'n vreemde geluk in 'n lewe wat gewy is aan die vrede van Christus! Dit is die vrede van te weet dat niks hierdie saak kan keer nie. Dit is die wete dat jou moeite nie tevergeefs was nie, omdat dit geoffer is aan 'n saak wat die moeite werd is. Dit is die gewaarwording van 'n vreemde rustigheid en vrede op die bodem van jou bestaan wat jou lewe dra en jou hart bewaar. En dit is die versekering dat jy 'n kind van God is…

God se gebod vir sy verbondsjeug bied lewensvreugde

Janneke van der Hout

Prediker 11:9 – "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring."

Bogenoemde teks hou vir ons God se gebod vir Sy verbondsjeug in en is opbouend, motiverend en stimulerend. In hierdie teks lees ons van vier positiewe opdragte aan jongmense.

In die eerste opdrag wat God gee, sê HY: "Verbly jou in jou jeug." Verheug jou daaroor dat jy jonk is. Geniet die feit dat die HERE jou 'n jongmenslewe vol lewenslus en potensiaal gee. Soek en vind vreugde in jou jeugdigheid. Hierdie eerste opdrag is die basis van waaruit die ander drie opdragte volg. Dit is 'n belangrike basis wat ons as jeug deeglik ter harte moet neem.
Is dit nie dikwels so dat ons wens om groot te wees nie? In elke leeftydsfase is daar egter vooruitgang, maar ons moet almal – kind en ouer – hoor wat ons hemelse Vader sê: "Verbly jou, o jongeling, ***in*** jou jeug." Elkeen moet vreugde vind in sy spesifieke leeftyd. Die kleuter, die tiener, ook jy jongmens van twintig: geniet dit om op die drumpel van volwassenheid te staan! Elke tyd, elke fase in die lewe is uniek, want God het dit uniek gemaak. Geniet van dit wat die HERE *nou* vir jou gee.

Opdrag nommer twee: "Laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid." Jou hart is jou "jy", jou wese, jou persoonlikheid, jou lewenskrag. In die dae van jou jonkheid is jou hart besig om te ontwikkel. Jou unieke jy-wees wat God as Skepper gemaak het. En God skep geen twee mense dieselfde nie. Daarom hoef jy nie jaloers te wees op ander of 'n minderwaardigheidskompleks te ontwikkel nie. Hy vorm en boetseer jou in Sy wysheid, al van voor jou geboorte, tydens jou kindwees; maar ook *nou* ontwikkel Hy jou. Jou ontwikkeling na volwassenheid is God se werk in jou. En God se opdrag is: wees vrolik daaroor, geniet daarvan.

En dan volg opdragte drie en vier: "Wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë." In jou hart gaan daar baie dinge aan. Talle emosies word daar gebore, liefde vlam daarin op, dryfvere word daar gekoester. Jou oë sien baie dinge raak; jy kry baie geleenthede. God sê: my kind, moenie dat jou hart slegs koester en jou oë alleen maar kyk nie - doen iets, tree op, wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë. Hierdie laaste twee opdragte klink dalk vreemd. Lees ons dan nie in Numeri 15:39 dat ons nie ons oë en harte moet volg nie, maar die gebooie van die HERE - die Verbondsgod - moet eerbiedig? Hoe rym dit met wat ons in Prediker lees? Verbly jou, o jongeling! Laat jou hart jou vrolik maak! Wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë! ... maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.

"Maar weet" - hierdie woorde moet ons nie verkeerd verstaan nie. Dit is nie so dat God met die een hand gee en met die ander hand neem wat hy gegee het nie. God gee jou nie nou alle ruimte om te doen wat jy wil om daarna te oordeel: wat het jy nou aangevang nie?
Die gerig, die oordeel wat hier ter sprake is, is positief, opbouend. God sê vir die jeug van sy nuwe verbond: Ek was julle in die bloed van My geliefde Seun, Jesus Christus, sodat julle jonk-wees werklik 'n fees kan wees. Ek vul julle met My Heilige Gees, sodat julle met hart en siel uitbundig vrolik kan wees. Die Heilige Gees maak julle harte en julle oë nuut, sodat julle harte reg gerig is en julle oë die regte dinge wil raaksien. Ek gee julle My Woord as 'n lig op die pad en 'n lamp vir julle voete (Ps. 119:105). God voeg ons by Sy kerk, sodat ons daar kan leer hoe om werklik bly te wees en nie vas te val in 'n skynvreugde wat die wêreld ons voor oë hou nie. God se opdrag is duidelik: My kinders, jongmense, Ek gee jou alle ruimte om te geniet van jonk-wees. Benut daardie ruimte ten volle, maar tot My eer!

Wees positief christen wat die lewe geniet! En weet dat Ek jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. Die dag sal kom, wanneer die HERE ons sal vra hoe ons die ruimte wat Hy ons gegee het, benut het. Was jy bly en vrolik, het jy gedoen wat jy moes doen toe jy nog jonk en lewenskragtig was? Het jy jou verdiep in die rykdom van My Woord? Het julle as jeug van

My verbond en kerk saam gegroei in die kosbare geloof in die drie-enige God in wie se Naam julle gedoop is?

'n Vraag aan die ouers: sorg u dat u kinders (as die HERE u dit geskenk het) bly kan wees in hulle jeug? Verstaan u hulle, weet u wat hulle harte kan bly maak? Rig u hulle jong lewens en harte op God, soos u beloof het by die doopvont?

Die leefwêreld is vol gevare, ons kan dit nie wegsteek nie. Maar ons as God se kinders is geheel anders. Ons lewens moet getuig van dankbaarheid vir verlossing en genade deur Jesus Christus. Dit is 'n lewe wat deur gebed gedra word, om in krag van die Heilige Gees tot eer van God te lewe. Slegs dán ervaar ons ware lewensvreugde.

Bronverwysing:
"Heilig vir die Here" deur ds G.J. Meijer

Oppad

Oppad artikels spreek aktuele sake aan bv. sending, politiek en samelewing, etiese sake, tegnologie, wetenskap, natuur, ens. Dit is natuurlik wel die idee dat die sake in 'n gereformeerde lig gestel word... as jy nie 'n literatuur-boffen is nie, is jy sekerlik wel in die politiek of wetenskap! – red

Evolution could not do this

Pauline Seijdlitz

Walking down the road, you spot a really expensive and intricate diving watch, with all the dials and knobs and thingymajigs anyone could hope for. You also see a lot of stones lying around it. What can you deduce from this picture? The stones may well be there because of years and years of rain and bad weather breaking apart bigger rocks, being washed away, becoming smaller and smaller, until they now lie before you. The watch on the other hand, you know someone must have mistakenly dropped. You know for a fact that it was designed by some well-paid people with impressive degrees, in fact, the name of the company is printed on it. This watch shows evidence of order, of functionality – if you told someone that 'stuff' must have randomly mutated into this watch over a long period of time, they would probably laugh at you. The only thing happening over a long period of time is it getting more and more worn until the battery runs out and the watch breaks.

The same with anything you buy – you know that it will degrade or break, and that you will need to replace it. People get old, and bits do not work as well anymore, or wear out. Everything tends to disorder if left alone. How then can people really believe that things get better over time, believe in evolution? The only alternative is to believe that God made the world, and people do not like that, because it means that He also makes the rules. It is easier to ignore the whole problem.

Have you noticed how much media, how much money and how many projects have been devoted to the so called "Origin of Man", especially recently? The Origin Centre at Wits has just been launched, and Maropeng, not far from the Cradle of Mankind, has also recently opened its doors for a "fun-filled, educational day-out, including boat rides and life-size displays of cavemen". The zoo's in the Gauteng area have also added "life-size" displays of "missing links" – which, incidentally, are still missing, and archeologists are now admitting will not be found. The sheer number of examples of how we are daily bombarded with the message that "evolution is scientific" may surprise you.

The theory of evolution is nothing more than an unproven, and unprovable theory. You need more faith to believe in evolution than in Creation – they believe that nothing randomly evolved into mud, which made all life; whereas we believe that God designed everything and created it in six days.

Romans 1:20-25 tells us that there is no excuse for anyone to say "there is no God".

Paul points out that although they (people, scientists, professors?) think they are very smart, they are actually becoming more stupid (mud to humans?!), and that they have exchanged God's truth for a lie. Read these verses carefully and think of what it teaches about evolution, and what a belief in evolution does to people (i.e. believing that we are no better than animals).

20 For the invisible things of him from the creation of the world are clearly seen, being understood by the things that are made, even his eternal power and Godhead; so that they are ***without excuse***:
21 Because that, when they knew God, they glorified him not as God, neither were thankful; ***but became vain in their imaginations, and their foolish heart was darkened.***
22 ***Professing themselves to be wise, they became fools,***
23 And changed the glory of the uncorruptible God into an image made like to corruptible man, and to birds, and fourfooted beasts, and creeping things.
24 Wherefore God also gave them up to uncleanness through the lusts of their own hearts, to dishonour their own bodies between themselves:
25 ***Who changed the truth of God into a lie, and worshipped and served the creature more than the Creator, who is blessed for ever.*** Amen. (KJV)

20 Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle ***geen verontskuldiging*** het nie;
21 omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; ***maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.***
22 ***Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword***
23 en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.
24 Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer
25 ***hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid.*** Amen. (AOV)

Now have a look at just a few examples of our LORD's creation, and let us praise Him for the wonderful works of His hands!

Evolution Could Not Do This:

The mallee bird lives in the Australian desert. In May or June, with his claws the male makes a pit in the sand that is just the right size: about 3 feet [0.9m] deep and 6 feet [1.8m long]. Then he fills it with vegetation. As it rots, it heats up. The bird waits patiently until it rains, which increases the heat to over 38°C at the bottom of the pile. The bird then waits until the temperature decreases to 33°C. When the right temperature is reached, he calls for his wife; they mate; she lays one egg a day for 30 days; and then leaves. The male then covers the eggs with sand, and continually checks the temperature with his amazing thermometer bill for 7 weeks. He cannot let the temperature go up or down even one degree. If it cools at night, he piles on more sand. If it overheats in the day, he pulls off sand. At hatching time, the chicks break their shells – and crawl up through as much as 2 feet [0.6m of sand]! Arriving at the top, each one is fully able to fly and is on its own. Neither father nor mother mallee bird gives it any further attention or training. When it grows up, it does just as its parents did.

The leaf-binding ant builds nests out of leaves sewn together. It picks up one of its larva children, carefully holds it in its jaws, presses liquid from the baby – as a glue gun to spot weld the leaves together.

The teeth of a rat are designed so the top two front teeth go behind the bottom two, at just the right angle to produce self-sharpening teeth. Engineers at General Electric wanted to design a self-sharpening saw blade in order to obtain exactly the right angle in relation to the metal it is cutting; so they studied the teeth of a rat. They found there was no other way it could be done as efficiently. As it slices through the metal, small pieces of the new blade are cut away by the metal, thus always keeping the blade sharp. That self-sharpening blade lasts six times longer than any other blade they had previously been able to make, all because the trained researchers studied the teeth of a rat.

Also consider the following:
- DL ¾ art 1-4
- Sondag 9 en 10
- Sondag 3 V&A 6
- NGB art 12, 13

You will find even more examples of God's wonderful creation in *Die Olielamp* in the future. Read them and never stop being amazed at the complexity, beauty and indisputable ***design*** in everything around you.

A great webpage to visit if you want to know more is: evolution-facts.org

All the examples of "Evolution Could Not Do This" are taken from *"The Evolution Cruncher", by Vance Ferrell.* This book is the condensed version of the website above and both can be reproduced without permission.

Begin die ewige lewe nou al?

Arie Roos

Wat is die ewige lewe ?
Wat is die ewige lewe vir jou?
Is dit iets wat ons kan verdien?
Is dit iets wat ons nou al ervaar, of begin dit eers na die lewe op aarde?
Wat is die antwoord op al hierdie vrae?
Ek het probeer om hulle te beantwoord:

Die ewige lewe kom van God af
"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore seun gegee het, sodat elkeen wat in hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê." - Joh. 3:1.

Ons ken almal die teksvers, maar wat sê dit regtig vir ons? Hieruit kan ons al leer dat die verlossing by God begin. Niemand van ons verdien enigiets nie. Ons is almal sondige mense. As dit van onsself afgehang het, sou ons niks van God wou weet nie. Hy het ons eerste liefgehad. Hy het na ons toe gekom met sy liefde, aan ons harte geklop en ingekom. God het ons nog steeds lief en Hy gee vir ons die ewige lewe. Die ewige lewe is ook nie net om vir ewig te lewe nie. Dit is om God waarlik te ken.

Die ewige lewe deur Christus
Niemand van ons verdien die ewige lewe nie. Ons het almal deel aan die erfsonde en daarom verdien ons die ewige dood. Ons kan wel die ewige lewe by Jesus kry deur in hom te glo.
"Ek is die opstanding en die lewe; wie in my glo sal lewe al het hy ook gesterwe" – Joh. 11:25.

So: almal wat glo kry die ewige lewe. Al gaan jy liggaamlik dood. As 'n Christen sterf dan is sy lewe op aarde verby, "gone". Jy sal nie meer met hom kan praat nie, geen gelukkige oomblikke kan deel nie, want sy liggaam is dood. Maar al lê die dooie lyk daar, koud en wit – heeltemal dood - gaan die geestelike lewe nog steeds aan, want hy/sy glo in Christus en hou aan Christus vas.

Die ewige lewe, nou al?
Baie mense dink en glo dat die ewige lewe eers begin ná die aardse een. Nadat ons dood was. Eers wanneer die mense oor die Christen se liggaam staan en treur. Eers wanneer jy begrawe word begin die ewige lewe. Dit is nie waar nie. Die ewige lewe is nie verbind tot tyd nie. God wag ook nie totdat jy sterf voor Hy jou red nie. Christus wag ook nie dat jy sterwe voor Hy jou verlos nie. Die dood is 'n afsterwe van die sondige liggaam. Dit is sodat ons met die ewige lewe kan aangaan, maar sonder die sonde.

Die ewige lewe begin nou al. Ons glo nou al in Christus. God het ons nou al gered. Ons is nou al uitverkies. Die Heilige Gees woon nou al in ons. Ons lewe deur Christus en daarom het ons al die ewige lewe.

In antwoord 42 van die Heidelbergse Kategismus staan dat die dood 'n deurgang na die ewige lewe is. Dit beteken nie dat die ewige lewe dan eers begin nie, maar dat ons dan die ewige lewe as 'n geestelike lewe saam met Christus kan lei.

So, wat nou?
Wat beteken dit vir ons dat die ewige lewe nou al begin? Beteken dit dat ons iets moet doen, of 'n sekere ingesteldheid moet hê?
Ons moet onthou dat ons liggame 'n tempel van God is. Ek is seker dat die wete van die ewige lewe wat nou al begin het, vir ons die hele saak makliker sal maak. Ons het die ewige lewe nou al reeds verkry. Dit beteken dat ons so moet lewe ook. Ons moet lewe deur God en sy Woord, naamlik die Bybel. Ons moet lewe soos Christene, waar mense dit kan sien en in ons eie huisgesinne. In ons slaapkamers waarvan die deur gesluit is. Kom ons lewe almal nou ons ewige lewe vanuit die geloof.

Bronnelys:

Die Bybel met verklarende aantekeninge
Die Heidelbergse Kategismus
Geloof : Kennis én Vertroue – Ds. E. Viljoen
Korte Verklaring van de Heilige Schrift – Dr. C. Bouma
Preek van ds. C. Kleyn – Sondag 17 September 2000

God en wiskunde

Johan Bijker

Wat het wiskunde met God te doen, of God met wiskunde?

Bogenoemde is vrae wat baie van ons onkant sal vang, omdat ons nie eintlik weet hoe om dit te beantwoord nie. Mag ons as Christene ons eintlik wel met iets abstraks soos wiskundige studierigtings besig hou? En wat van wetenskaplike (toegepaste wiskunde) studierigtings? Hoe kan jy byvoorbeeld 'n wetenskaplike studierigting motiveer vanuit jou geloof? En indien ek in 'n wetenskaplike studierigting is, hoe kan ek my geloof daarin uitleef?

Gewoonlik skei ons geloof en wiskunde. Wiskunde is gebou op 'n paar stellings waarmee jy met logiese beredeneringe sinvolle antwoorde kan kry. Geloof is iets wat ons nie eintlik kan verstaan of aan 'n stel reëls kan koppel nie. Daarom hou ons eerder maar die twee geskei.

Maar dan doen ons tekort aan wat wetenskap eintlik is. Die volgende boeke gee nogal perspektief op die saak, en ek kan enige persoon wat in 'n wetenskaplike rigting belangstel ten sterkste aanraai om hulle te lees (of ten minste dan net een van hulle). Wie die boeke by my wil leen is baie welkom. Of gaan praat met die vriendelike mense by jou naaste Folmer Boekhandel om hulle te koop.

- Mathematics: is God silent?, James Nickel, 2001.
- God and cosmos: a christian view of time, space, and the universe, John Byl, 2001.
- The divine challenge on matter, mind, math and meaning, John Byl, 2004.

In die res van die artikel sal ek probeer om net op die boustene van wiskunde te fokus, maar daar kan nog baie oor die ontwikkeling en later die verafgoding van wiskunde gesê word. Hou toekomstige Olielamp uitgawes met 'n arendsoog dop vir 'n artikel wat hierop sal fokus.

Skepping

In Gen. 2:19 gee God Adam opdrag om die diere name te gee. Dit hou in dat Adam die diere moes bestudeer, en op grond van hul eienskappe 'n naam vir hulle moes gee. God gee ook vir Adam die nodig insig en wysheid om die taak te kan uitvoer. Hierdie kan as die eerste wetenskaplike studie gesien word, want wetenskap is om die skepping te bestudeer en dit te beskryf.

Net soos God vir Adam die insig gegee het om gepaste name vir die diere te gee, gee God ook vir die mens sekere wiskundige insigte om Sy skepping te kan beskryf en bestudeer. Deur die eeue heen is dit ontwikkel en gebruik, dink maar aan die Egiptenaars en hul piramides, besproeiingsisteme, ens. Vandag word wiskunde gebruik om satelliete in wentelbane te sit, kernenergie aan te wend, rekenaars te ontwikkel, ens.

Toepassings

Deur die eeue heen het die ontwikkeling van wiskunde baie vooruit gegaan. Meetkundige reëls, die desimale sisteem, trigonometrie, algebra, logaritmes, calculus, ens. moes eers deur die mens "ontdek" word, voor dit gebruik kon word. Veral wetenskaplikes soos Kepler, Galileo en Newton het wiskunde gebruik om fisiese verskynsels wiskundig voor te stel en hulle was eintlik verbaas hoe suksesvol wiskunde gebruik kan word om die skepping te beskryf. Selfs vandag gebruik ons nog baie van hulle wette.

Grondbeginsels

Hoewel wiskunde baie nuttig is om die natuur te beskryf, kan wiskunde op sy eie egter nie verklaar word nie. Deur die eeue heen het baie mense hard daarna gewerk om sekere reëls (aksiomas) neer te skryf waarop wiskunde gebou kan word. Gewoonlik is hierdie reëls baie logies en almal met 'n gesonde verstand sal daarmee saamstem, maar die aksiomas word nie bewys nie. Byvoorbeeld Euclid (300 v.C.) se eerste aksioma is: "Dinge wat aan dieselfde ding gelyk is, is ook gelyk aan mekaar". Met nog 'n paar ander aksiomas word dan deur middel van logiese beredeneringe alle wiskundige reëls vasgestel.

Beperkings

In 1931 het 'n persoon met die naam van Gödel bewys dat hierdie beginsel van aksiomas sekere beperkings het. Hierdie beperkings het groot gevolge, só groot dat selfs die beginsel van telgetalle nie bewys kan word nie. Wat ons as 1, 2, 3, ens. ken kan nie wiskundig bewys word nie. Gödel het bewys dat wiskunde nie 'n perfekte en volledige sisteem is nie.

'n Ander area waar wiskunde ons in die steek laat, is by oneindigheid. Maak nie saak tot hoever jy tel nie, daar bly altyd nog groter getalle oor. Netso is daar oneindig baie ewe

getalle, oneindig baie priemgetalle, ens. Daar is oneindig baie reële getalle tussen 1.1 en 1.2 en ook tussen 1.1 en 1.11. Ons kan sê dat daar oneindig baie oneindighede is. En net hier laat ons wiskundige vermoëns ons in die steek.

Wat nou?
Beteken dit dat ons nie wiskunde kan of mag gebruik nie? Nee, God het alles goed geskape, en dit sluit wiskunde in. Hy het wiskunde vir ons gegee om Sy skepping te kan beskryf, en daarom moet ons selfs in wiskunde God se glorie kan sien. Om dit te kan doen moet ons wêreldbeskouing reg wees, wat inhou dat ons glo God bestaan, Hy het alles geskape, Hy hou dit vandag nog in stand en dat ons eendag in ewige heerlikheid saam met Hom sal lewe. Hierdie wêreldbeskouing gaan reguit teen vandag se wêreldbeskouing in dat alles maar net per toeval gebeur het. Mense glo eerder die "wetenskap" as God. Maar aangesien wiskunde nie bewys kan word nie, kom dit op die ou einde op afgodery neer. Wetenskaplikes wat nie God wil erken nie, is eintlik baie slegte wetenskaplikes.

Gevolgtrekking
God het wiskundige gereedskap aan ons geskenk om Sy skepping te ondersoek en daaroor te heers. Daarom gee Hy ook aan sekere mense talente om daarmee om te gaan. Hierdie talente moet egter in die regte perspektief gesien word: beskou wiskunde as 'n gawe wat God ons gegee het om Sy skepping te beskryf, en dan is dit inderdaad wel moontlik om Hom in jou wiskundige / wetenskaplike werk te loof.

Voel jy ook so?

Voel jy ook so? artikels gaan oor die jeug se persoonlike geloofsvrae en alledaagse kwessies. Dit gee jou, as jeuglid, die geleentheid om persoonlike boodskappe en menings oor te dra, vrae te stel of opmerkings te maak. Dit is baie aktueel en kwessies soos skool, vriende, werk, ontspanning en geloof word aangespreek. Daar is baie verandering in vandag se wêreld. Soms is dit vinniger en meer as wat ons kan hanteer. Daar is dan ook baie dinge waarvoor daar nie direkte verduidelikings in die Bybel is nie. Daarom kan jy nou jou vrae vra en jou mening gee oor sulke sake. Jy kan jou eie opinie aan almal vertel uit 'n christelike oogpunt. – red

The Da Vinci Code – by Dan Brown

Wouter Boessenkool

Mary Magdalene **was really** the wife of Jesus, according to **this novel.** The two had a child and their descendants walk among us today, the story goes.

According to Brown, the truth was suppressed by the Catholic Church but handed down through centuries by a secret society that included Leonardo da Vinci, who hid clues about the union in his paintings.

While the novel has spawned a whole cottage industry of museum tours and books exploring the credibility of this claim, Brown himself has stayed largely out of the spotlight.

But in a 2004 National Geographic Channel **documentary**, Unlocking Da Vinci's Code: The Full Story, the reclusive author talks about his controversial **theory.**

"I began as a **skeptic**," Brown said. "As I started researching The Da Vinci Code, I really thought I would disprove a lot of this **theory** about Mary Magdalene and holy blood and all of that. I became a believer."

Most scholars interviewed in the documentary and elsewhere, however, say that Brown is relying on **discredited sources and flimsy connections** to make his bloodline theory.

Still, most **experts** concede that the Church suppressed some early Christian writings that may have differed from the version of events described in the Bible. They also contend that Mary Magdalene, while not married to Jesus

Christ, was probably a lot closer to Jesus than most people imagine.

Gospel of Mary

Neither the Bible nor any other historical text identifies Mary as the wife of Jesus. A married woman at the time would have gone by her husband's name, but Mary was referred to as being from the town of Magdala.

"This notion that she's talked about as **being from this place indicates that she was independent**," said Karen King, a history professor at Harvard Divinity School and a leading authority on Mary Magdalene.

Millions of people have read *The Da Vinci Code* by Dan Brown and have been caught up in its story. What is true? What is fiction? Clearly some things are true. There was a painting, The Last Supper, done by Leonardo da Vinci. There are organizations called Opus Dei and the Priory of Sion. But is there really a global conspiracy to hide the living descendants of Jesus Christ?

There is, according to Dan Brown, the "ultimate" author! Dan Brown loves his fiction and he has found a way of taking fiction and turning it into such a great story that people want to believe them. He does this in such a professional way, by taking random facts and even changing some of them to make them fit into and for his book…

The Greatest Conspiracy!

That is what the book is, nothing but a Great Conspiracy. Dan Brown uses this conspiracy and tries to make it come across as fact. He has nothing to base his theories on. He saw a great gap in the human curiosity. He hit the biggest market of interest known on earth, namely the afterlife, why people are here, the purpose of life, etc.

In a time where Christianity is being questioned, the book hits the shelves and people want to know more about this "fake truth". *The Da Vinci Code* is a scam! A way of making loads of money just by questioning the truth!

Question to Dan Brown

Q: This novel unearths some surprising Christian history. Are you a Christian?

A: "I am, although perhaps not in the most traditional sense of the word. If you ask three people what it means to be Christian, you will get three different answers. Some feel being baptized is sufficient. Others feel you must accept the Bible as immutable historical fact. Still others require a belief that all those who do not accept Christ as their personal Savior are doomed to hell. Faith is a continuum, and we each fall on that line where we may. By attempting to rigidly classify ethereal concepts like faith, we end up debating semantics to the point where we entirely miss the obvious - that is, that we are all trying to decipher life's big mysteries, and we're each following our own paths of enlightenment. I consider myself a student of many religions. The more I learn, the more questions I have. For me, the spiritual quest will be a life-long work in progress."

Closing Remarks

Dan Brown mentions in the above that he is a Christian but he is also open for new religions and he wants to practice many religions while being a Christian!

The great motive of Dan Brown "The Great Christian" is, **make your own choice**, he just wrote the book as a conspiracy and you as the reader must make your own choice in life.

He keeps on talking in circles by saying, there are facts in the book, but you must believe what you want! In the article above I have highlighted parts that show, that he cannot motivate his facts.

THIS BOOK IS FICTION! Do not let it fool you!

Sources:
http://www.beliefnet.com/story/127/story_12775_1.html
http://www.imdb.com/name/nm1467010/
http://www.lisashea.com/hobbies/art/

Dan dank ek Hom!

Gerda Aartsma

As alles sou gaan soos ons dit beplan of soos ons dit graag wil hê, watter tevrede mense sou ons nie gewees het nie? Dink net! Maar... bestaan die vraag 'is jy tevrede' eintlik wel?

Kom ons kyk na 2 aspekte:
Hoe God in alles voorsien, en
Hoe ons dit prakties kan uitlewe.

Hoe God in alles voorsien
In hierdie wêreld, vol van materialisme en selfgesentreerdheid, staan ons as Christene. Elke dag bid ons van God 'gee ons vandag ons daaglikse brood'. En die Here *hoor* ons én Hy *antwoord*! Ons sien dit in die menige dinge wat Hy ons elke dag skenk – voedsel, klere, 'n huis. Ons vra God om te voorsien in al ons liggaamlike behoeftes en daarmee erken ons dat God die enigste bron is van alles wat goed is. Hy het selfs Sy enigste Seun aan ons geskenk tot verlossing!

God voorsien nie net in ons liggaamlike behoeftes nie. Ook in die geestelike. En ons mag weet dat God ons beter ken as wat ons onsself ken! Daarom vra ons Hom om in *alles* te voorsien sodat ons Sy Naam kan grootmaak en eer! Ons vra eenvoudig van God, in geloof, om te voorsien in *alles* wat ons nodig het *sodat* ons Hom met ons hele hart kan dien!

In ons bede vra ons ook God se seën, want daarsonder sou ons lewe sinloos wees. Maar wat is God se seën? Dit is dat God jou aanvaar en liefhet! So kan jy helder skyn in Sy beloftes vir jou lewe: in hierdie lewe en in die toekomstige lewe. Ons bid vir 'n lewe wat *goed* is. Ons is immers verlos deur God se Seun en ons mag vertrou op die leiding van die Heilige Gees!

Hoe kan ons dit prakties uitlewe
"Ek is wie Ek is" sê God. Dit wil sê God is hier, op aarde, altyd en oral teenwoordig. En Hy is 'n God wat Homself laat geld waar Hy ook aanwesig is. Die herhaling beklemtoon dat God hier *wil* wees in Sy verbondenheid wat Hy aangaan van geslag tot geslag. Só wil Hy genoem word. Só wil Hy hier wees.

"maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm" (Eks. 33:19b). As God dan by ons is (en Hy is met ons!), dan wil Hy só by ons wees soos beskrywe in hierdie teks: vol liefde, geduld en trou! So kry ons dit van geen ander mens nie. Maar al is ons as mense nie so nie, God is wél so! As God dan altyd met ons is en in alles voorsien, dan kom aan Hom alleen die dank en eer toe! En dan kan ons 'n lewe van dankbaarheid leef! Die lewe met 'n soeke na tevredenheid val dan weg.

Dan dank ek Hom vir die ekstra geld waarmee ek klere kon koop of met vakansie kon gaan.
Dan dank ek Hom vir 'n huis vol mense nadat ek vorige week eensaam gevoel het.
Dan dank ek Hom dat Hy my bewaar het vir 'n ongeluk toe 'n taxi voor my ingejaag het.
Dan dank ek Hom vir elke Sondag wat Hy my weer tot bekering roep terwyl ek so dikwels my eie gang gaan.
Dan dank ek Hom vir familie en vriende wat Hy op my pad geplaas het, al stel hulle my dalk in verleentheid.
Dan dank ek Hom vir al die geleenthede waar ek liefde en goedheid kon bewys, al was ek nie elke keer lus om dit te doen nie.

Laat ons mekaar aanmoedig om 'n lewe van dankbaarheid te leef! 'n Lewe waar God alleen die eer kry, want aan Hom alleen kom dit toe!

Bron: Ray of Sunshine, by Mrs. C. Gelms and Mrs. E. Nordeman

If you pause to think,
you will have cause to thank!

Lag: menslike uiting van vrolikheid

Hilde Kamphuis

Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig en verdra mekaar in liefde. (Efes. 4:2)

There are hundreds of languages in the world, but a smile speaks them all.

Al ooit opgelet hoe goed jy voel wanneer jy behoorlik gelag het? Het jy geweet dat wanneer jy lag, jou brein sekere stowwe vrystel wat dien as antidepressante? Verder is lag ook die beste medisyne vir 'n slegte bui. Probeer van nou af doelbewus lag, selfs al is dit vir die geringste dingetjie. Glimlag vir daardie fronsende persoon in die motor langs jou wanneer jy in die verkeer vassit, of glimlag net vir jouself. En dink daaroor, het jy al ooit 'n lelike glimlag gesien?

People are about as happy as they make up their mind to be (Abraham Lincoln)

Dis opvallend om te sien hoe min mense eintlik lag. Ek het al baie iewers geloop, dan 'smile' jy maar vir almal, maar net 'n paar glimlag terug. Baie gebruik die verskoning: omstandighede. As jy probleme het gaan jy na God daarmee, Hy sal jou help. Omstandighede is beslis nie 'n verskoning om nie te glimlag nie. Onthou: geluk word gevind in die hart, nie in die omstandighede nie. Ja, almal het soms 'n moeilike tyd om deur te gaan, maar met 'n positiewe houding sal alles beter gaan. Kyk verby die probleme en maak die beste van 'n saak en as jy 'smile' voel jy sommer ook beter. *Don't let yesterday take too much off today (Will Rodgers)***.** Kinders klink altyd so opgewek en uitbundig, soos wat Nelson Mandela sê: "*We are all ment to shine, as children do*". Ook al is ons nie meer kinders nie, ons kan nogtans baie van hulle leer!

Wys 'n positiewe houding! Dit veroorsaak 'n kettingreaksie.

Dankbaarheid

Wees dankbaar vir dit wat jy het! Ons het soveel om voor dankbaar te wees, ons kan dit wys deur te glimlag en te wys jy is bly daaroor. Die Here gee alles wat ons nodig het, dan kan ons as Sy kinders dit tog vir die wêreld wys? Dink aan die liedjie "Dankie", gesing deur Lance James.

Hoe kan jy altyd glimlag?

- Deur positief te dink
- Deur die klein dingetjies in die lewe raak te sien
- Vir jouself te lag
- Sien die mooi dinge in die lewe raak
- Moenie net op die negatiewe dinge konsentreer nie
- Doen elke dag iets wat vir jou lekker is

For every minute you are angry you lose sixty seconds of happiness.

Die Here het ons gemaak met 'n doel, ons lewe het 'n doel, jy moet jou lewe voluit leef. Ons is net vir 'n rukkie op die aarde. Dus glimlag – dis lekker om te lewe!

Uit die Bybel

Daar is heelwat verse wat handel oor lag en blydskap ens. maar die een wat mees gepas is, is Prediker 3:4

" 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te weeklaag en 'n tyd om van vreugde rond te spring"

Bronne:

Die Bybel
Finesse
Internet

The Importance of a Smile

"A smile costs nothing, but gives much.
It enriches those who receive, without making poorer those who give.
It takes but a moment, but the memory of it sometimes lasts forever.
None is so rich or mighty that he can get along without it, and none is so poor that he can be made rich by it.
A smile creates happiness in the home, fosters good will in business, and is the countersign of friendship.
It brings rest to the weary, cheer to the discouraged, sunshine to the sad, and is nature's best antidote for trouble.
Yet it cannot be bought, begged, borrowed, or stolen, for it is something that is of no value to anyone until it is given away.
Some people are too tired to give you a smile.
Give them one of yours, as none needs a smile so much as he who has no more to give."

-- Believed to be based on the writings of Rabbi Samson Raphael Hirsch –

Wees bly!

Linette Visagie

Voel jy ook soms 'depressed' of 'down'? Of dalk angstig en bekommerd oor die toekoms, jou veiligheid of waar ook al jy angstig kan voel? Soms voel 'n mens of jy 'n swaar pakkie op jou skouers moet dra wat dalk net te swaar voel vir jou brose skouers? Hoe dan verder? Swaarmoedigheid, bekommernisse, depressie, angs, ens. is deel van enige mens se lewe, en soms veral deel van 'n christen se lewe. 'n Mens kan nie soseer sê dis verkeerd nie, maar tog dink ek God wil hê ons moet gelukkig wees. Wat dink jy? Met hierdie 'gelukkig' bedoel ek nie 'n gevoel van vreugde/blydskap nie, maar baie meer.
Ek dink eerder God wil hê dat ons nie vas moet kyk na die 'bad' dinge in ons lewe nie, maar dat ons verder moet kyk met 'n vasstaande geloof, kennis en vertroue in Sy werk in ons lewe.
Hier is 'n paar baie tekste wat jou kan help om depressie, angste, bekommernisse en alles wat verhoed dat jy kan bly wees te beveg:

Fil. 4:8 (in Engels baie duidelik):
Finally, brethren, whatever things are true, whatever things are noble, whatever things are just, whatever things are pure, whatever things are lovely, whatever things are og good report, if there is any virtue and there is anything praiseworthy-meditate on these things.
Hier word duidelik gestel dat die dinge waaroor ons dink waar moet wees. Sluit dit nie duidelik al die "wat as" en "sê nou maar net" denke uit nie?

Mat. 6:34
Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.
Jesus wil hier vir ons laat verstaan dat elke dag op sigself al genoeg bekommernisse bevat. So wat sal dit help om vandag oor môre te bekommer. Laat dit aan God oor en vat een dag op 'n slag.

Rom. 8:28
En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is.
Hierdie teks kan 'n mens gerus bo jou bed hang sodat jy elke dag herinner mag word dat wat ook al gebeur, God sal dit tot jou voordeel laat meewerk. Hy gebruik alle dinge, klein of groot, alle gebeurtenisse en persone om jou te vou en te vorm en sodoende te laat groei in die verhouding met Hom!

Laastens kan Job vir ons 'n voorbeeld wees. Hy het nooit God se doel agter al sy swaarkry verstaan nie, maar tog het Hy God geloof vir Sy goedheid! En watter erge swaarkry het Job nie ervaar nie! Laat ek en jy en ons almal dan saam berusting vind in God se groter plan met ons. Watter berusting, vrede en blydskap mag ons dan nie ervaar nie!

Nog iets

The 7 up's

Janine Boessenkool

1. Wake up!!

Decide to have a good day.
"This is the day the Lord has made let us rejoice and be glad in it."
Psalm 118:24

2. Dress UP!!

The best way to dress up is to smile and be yourself.
"The Lord doesn't look at things man looks at. Man looks at outward appearance, but the Lord looks at the heart."
1 Samuel 16:7

3. Shut Up!!

Say nice things and learn to listen.
"He who guards his lips guards his life."
Proverbs 13:3

4. Stand up!!

For what you believe in.
Stand for something or you will fall for anything.
"Let us not be weary in doing good; for at the proper time, we will reap a harvest if we don't give up. Therefore, as we have opportunity, let us do good…."
Galatians 6:9-10

5. Look up!!

To the Lord.
"I can do everything through Christ who strengthens me."
Philippians 4:13

6. Reach up!!

For something higher.
"Trust in the Lord with all your heart, and lean not unto your own understanding. In all your ways, acknowledge Him and He will make your paths straight."
Proverbs 3:5-6

7. Lift up!!

Your prayers.
"Don't worry about anything; instead PRAY ABOUT EVERYTHING."
Philippians 4:6

Uit "Die Olielamp" 1996 - 2006

Die Olieramp

Olielampgelde
1996 = R35
2006 = R65
Goeie inflasie??

Indien u wil 'feature' vir Voetspoor, sorg dat u opval

DIE OLIEFANT

Nuwe webwerf:
HoorIkEenVuilnisbakKlepperen?@jahoor.com

Redakteurs dalk broer en suster?

Sekere mense dink dat die Sleutelgat 'n 'poniekoerant' is..

Jaargang 2 nr 4

REDAKSIONEEL
Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed [en kernwapens] nie, maar teen die bose geeste indie lug. (Efesiërs 6:12)
Ja, ons het almal seker al gehoor van hierdie nuwe verwikkelinge…

Jaargang 7 nr 3

REDAKSIONEEL
Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed (en kernwapens of chemiese oorlog) nie, maar teen die bose geeste in die lug (Efesiërs 6:12).
Ja, ons het almal seker al gehoor van hierdie nuwe verwikkelinge…

Onderwerpe

Gauteng se denge

Help, ek het 'n selfoon…

Mcdonalds, Fanta en Coke…

Klip in die Bosgres

Ons bekende skrywers:

Omani
Anoniem
Padda
Jemima
Invisible Management
Lizette Visagie
Halieus Canis Maris
Nugter Herbie
Bitterbekommer en Antibitterbekommerd
Werner van der Westhuisen

Artikels:

Wat kan verbeter by Koffiedrink?
-Soms die koek

Raad vir eksamenstres:
-Beantwoord wiskunde vraestelle in Romeinse syfers

Carpe Diem
-Dink jy ook die 'Flauwe Kul'?

Kongresverhoudings
- Wie wil nou met 'n 'afgelikte Boterham' uitgaan?

Die Sleutelgat koekeloerder onderneem om elke moontlike prop koerantpapier, wondergom of bol 3 weke oue Chappies uit elke Sleutelgat te grou en alle nuus te bring.

Klassifikasie van 'n opruim aksie:

Dinge wat jy moontlik eendag nog gaan gebruik

Dinge waarvan jy nooit gebruik sal maak nie

Dinge wat jy nie herken nie maar wat eendag handig te pas kom

Dinge wat duidelik nie daar hoort nie

Dinge wat jy laasweek nodig gehad het en waarvoor jy jou disnis gesoek het

Dinge waarmee jy nie raad weet nie en wat dus maar daar in die bakkie kan bly

Dinge vir die kerkbasaar se 'Grabbelton'

Stel u voor u werk by McDonalds:

Vreemde verskynsel nr1:
'n Jong man in 'n wit bakkie kom vra vir 25 McRoomysies

Vreemde verskynsel nr2:
Hy het al 'n karton houer gereed…met 25 gate (Gerrit Kamphuis)

Die innoverende JV-groepiestelsel wat die JV van Pretoria vir 'n jaar beoefen het, is meedoënloos deur die Geelkop-Goedhartige-Gawe-Gifappelvoorsitter met die grond gelyk gemaak. (Marius Bijker)

1996 - 2006 . Die Olielamp . 10 Jaar

'Modder in geute is nie 'n verskoning om 'n 'bad hairday' te hê nie
' bekende woorde van 'n modderuithaler van formaat.

Hierdie 2 bladsye is versorg deur die Pretoria-Maranata Redaksie



By kongres was die 1ste dag 'n snik hete dag en ons het begin met 'n ysbreker wat eerder die groenhuis-effek genoem kan word

Imports uit GP (gangsters paradise)
= Jeug wat Kaap toe trek

Ontvolking van die platteland
= Jeug wat die Kaap verlaat

Hulle is weer hier...
die Nederlandse
'Stage lopers'

Na vele onderhandelinge het winter die konflik met 'n oorwinning beëindig
en somer keer stert tussen die bene terug na die anderkant van die wêreld.
En winter brul van die lag.

'n Ander bekende
was vir 'n tyd terug,
maar hierdie keer sonder snor.

Koffiedrink was by
Chatterboxie of
Kommunikasie Sentrum
(Tanya de Vente)

'they call me Hans,
because I'm good
with my hands'

By Broomball is 'n speler aangewys as
mees-moanende-met-die-ref

Dis amper asof 'n mens lekkerder
in die donker kuier
(dalk omdat niemand kan sien
of jy dalk bloos nie?)

Voor ons jeuglede weet waar ons is,
is ons dalk al gevestigde inwoners
van Ebenhaeser of Huis Herfsblaar,
so vinnig gaan die tyd.

Toe die vuur eers aan die gang kom was dit nie meer jou gemiddelde
'Knapekamp-Voortrekker-Doringtakke-met-Marshmallow-Kampvuurtjie nie,
nee, dit was 'n vuur in die ware sin van die woord,
vuur waar Sadam Hoesein, nadat hy uit Koeweit weg is, op trots sou wees.

- Langafstand aandeelhouer = vry oor 1500km
- Waterkaskenades = Poolparty
- B-Day = geen geskiedkundige dag in oorlog maar Birthday in sms dialek
- Kongres jeug = Drukteschoppers
- Hubly Bubly = Waterbottel rook
- Wat noem 'n mens 'n 'Kaas' en Kongresvark? 'n Pienk gesiggie
- Te jong jeug = Rookies
- 'n Groot selfoon = 'Koelkas'

Daar het nl. 'n Gereformeerde McDonalds geopen,
of so lyk dit. Die Gereformeerdheid is ook nie
in so mate dat die 'Cheeseburgers'
van ongesuurde brode gemaak word nie...

Al was die temperatuur selfs te hoog
vir die Yellow Pages om dit te kan bevat…

Haak se Passat
=
Yellow Hake
MobilePassionswagon
Geel Piesang
Pampoen
Komkommer
Limosine
MacLaren

Soos twee getroue studente betaam,
het Johan en Erik oordeelkundig klas gebank
om saam met twee mooi meisies,
een uit Holland (Regina) en uit die VGK Pretoria (Tineke)
Goudini Spa se warm water te gaan opsoek.
Dit lyk asof Erik in sy teologiese kursus ook nog
praktiese klasse het van saans laat tot soggens vroeg.
Dit bevorder blykbaar sy menseverhoudings
en sy worsbraaikuns. Watter gemeente
sal nie so 'n dominee beny nie?

Na die koffiedrink roosters opgestel is
vloei die koffie nie meer sporadies nie,
maar chronies.

Christenwees is nie vir sissies nie

Daar is 'n 'heilige toorn' en dit bots nie met liefde nie

Isak Burger

'Heilige toorn!" Dit klink na twee woorde wat nie in dieselfde sin gebruik behoort te word nie. Dis half teenstrydig. Dit klink ook na iets wat nie deel van 'n Christelike gesindheid behoort te wees nie. Hoe rym dit met 'n godsdiens van liefde?

Miskien pas dit meer by die tonele wat ons die laaste tyd so dikwels op televisie gesien het van emosionele en woedende Moslems wat betoog en brand en verwoes omdat hul heilige profeet Mohammed in spotprente beledig is? Tog is jy amper geskok as jy in 'n Bybelkonkordansie gaan kyk hoeveel keer die woord "toorn" gebruik word - en dit is merendeels God wat kwaad word.

Dis ook nie net in die Ou Testament ter sprake nie, God se toorn kom in die Nuwe Testament proporsioneel net soveel voor.

Natuurlik is God se toorn nie 'n negatiewe en onheilige emosie soos so dikwels by ons nie. Tog behoort ons kennis te neem dat die God van liefde ook kwaad kan word. Ek dink baie dinge wat in Suid-Afrika gebeur, maak Hom kwaad en ek dink daardie dinge behoort by Christene ook 'n heilige toorn tot gevolg te hê.

Wat in Sodom aangegaan het, het God kwaad gemaak. Onreg het hom vertoorn. God word kwaad as sy volk geteister word, maar ook as sy volk sondig en van hom wegdwaal.

Sy grootste toorn was egter teen valsheid en skynheiligheid.

Dat daar iets soos 'n heilige toorn is en dat Christene soms ook kán en móét kwaad word, sal sommige ongemaklik laat voel. Die woord wat deesdae in oordaad as die mees "Christelike" uitgesonder word, is dan juis "verdraagsaamheid".

Natuurlik is God ook uiters verdraagsaam (lankmoedig) teenoor ons en behoort ons ook teenoor mekaar verdraagsaam te wees. Dis nogtans interessant dat hierdie woord maar enkele kere in die Bybel voorkom en dat daar in die Bybel geen spanning tussen verdraagsaamheid en toorn bestaan nie én dat die een die ander nie uitsluit nie.

Verdraagsaamheid is 'n kernwaarde in ons Grondwet. Dit klink so mooi. Godsdienstige eksklusiwiteit moet plek maak vir inklusiwiteit en verdraagsaamheid. Die alternatief is "fundamentalisme" en dit het 'n vloekwoord geword.

Ek vind dit eienaardig dat daar nogal 'n taamlik algemene begrip en simpatie is vir Moslems se toorn en verset teen die ontheiliging van dit wat vir hulle heilig is. Andersyds word Christene wat teen die ongebreidelde misbruik van die naam van die Here op televisie en teen godslasterlike rolprente, boeke en uitlatings op 'n beskaafde manier beswaar maak, as "onverdraagsaam" en liefdeloos uitgekryt.

Gelowiges wat die Bybel kinderlik en opreg glo, word as "fundamentaliste" geëtiketteer. Hulle word deur sommige in dieselfde kategorie as bomplantende, fanatieke Moslems geplaas en as 'n gevaar vir die mensdom bestempel.

Die jongste bohaai in dié verband is die skokkende gedrag en uitlatings van die sanggroep met die ewe obsene polisiekar-naam. Verwag die Here dat sy volgelinge dit moet verdra? Natuurlik moet ons met sondaars vriende probeer maak en hulle deur "vriendskaps evangelisasie" na die Here probeer lei. Ek kan egter nie in my vriendelikste oomblikke dink dat Christene sulke soort uitlatings moet verdra nie. Dit lyk my die Bybel tref 'n onderskeid tussen berouvolle, soekende sondaars en slegte mense - wat ook godsdienstiges kan insluit.

Ek dink dit het tyd geword dat Christene 'n slag onverdraagsaam raak met hierdie Godontheiligende verdraagsaamheid. Christene moet 'n slag weer opstaan vir dit waarvoor ons staan. Liefde beteken nie swakheid nie en Christenwees is nie vir sissies nie. Dit lyk vir my al hoe meer ongekwalifiseerde verdraagsaamheid is nie 'n teken van godsdienstigheid nie.

Inteendeel, dit lyk vir my hoe minder godsdienstig mense word, des te meer verdraagsaam word hulle teenoor ander godsdienste en ook teenoor sonde.

Miskien is dit die groot probleem. Baie mense staan nie meer op vir hulle geloof nie omdat dit nie meer vir hulle so belangrik is nie.

Op een van die Onafhanklike Verkiesings-kommissie se reklameborde in Pretoria het die woorde gepryk: "Those who stand for nothing, fall for everything."

Hoe waar en toepaslik!

• Dr. Isak Burger is die president van die Apostoliese Geloofsending
(Met toestemming oorgeneem uit die BEELD)

Voetspore

Jaaaaaa…lesers

As iemand in die jeug in die afgelope paar weke iets heldhaftigs gedoen het, dan is dit seer sekerlik die moeite werd om vermeld te word. Soos byvoorbeeld as iemand die Quanta Palacio staptoer in die Falkland Eilande gedoen het. Want - u weet dit dalk nie, maar dit is eintlik algemene kennis – hierdie staptoer is 'n senuslopende, ingroeitoonnaelverwekkende en swaar tog. Dit is in 1837 uitgestippel deur 'n sekere Thomas G. Mellbury, wat toe uit ware koloniale geesdrif en energie, 13 van sy 16 slawe gestuur het om die stippels dan ook werklik te stap. Niemand het teruggekeer nie. Dus u verstaan nou my punt: as iemand iets heldhaftigs doen, dan moet dit in die Voetspoor vermeld word, net soos wat dié held se Voetspoor in die mollige mos van die Falkland Eilande gedruk is. Ongelukkig – en ek sê dit met bitter spyt in my hart – het niemand hierdie afgelope tye iets heldhaftigs gedoen nie. Ek kan dit dus nie vermeld nie.

Of wag… ek kan dink aan 'n paar helde in ons midde. Ja, dames en here, mense het getrou. Eerste moet ons vir Johan en Bea uitlig. Hulle het getrou, you see? Soos Dr. Mari hieroor sê: "Oeh, fáb! Hier word globalisasie nou sigbaar! Fantasties, 'n perfect global village. En vir die hoopvolles onder ons: hou aan hoop, want liefde vind mekaar, selfs oor die afstand Denver, Col. tot by Walterlaan, Wav."
Die Olielamp maak hierop offisieel bekend: "Baie geluk!".
Bea het haarself natuurlik afgevra: "to Be a Sterk or to Be a Bruintjes, that is the question". Die antwoord in die kerk was "ja".

Nog 'n troue, het geskied, en dit was Gerrit Kamphuis en Anita Kamp…Drijfhout wat die lang pad van die kerkgang aangedurf het. Die nóg langer pad van die Kaap na Pretoria is ter geleentheid hiervan deur 'n paar vriende en familie onderneem. Ons dink byvoorbeeld aan Chrisjan wat hier bemerk is, asook Elisabeth en Harold. En selfs Albert en Corlia Drijfhout het die geleentheid spesiaal kom bywoon. Dit mag u dalk verbaas dat hulle sommer hierheen kom, maar toe ons hoor dat Corneel Hagg actually Albert se neef is, toe verstaan ons: familiebesoek! En aangesien Rinus en Martin Kamphuis Anja Kamphuis se broers is, het hulle ook ter ere van die huwelik vanuit Nederland gekom. Want Anja se ouers is Anita se skoonouers, you see. Small world.

En is daar verder nog meer aan de hand behalwe vier vingers en 'n duim? Ja, Janjaap Loef is weer hier. Hmm… niks besonders nie. Hierdie stukkie wat u nou lees is selfs sommer net gecopy en paste vanaf 'n vroeër weergawe van Voetspoor, so baie kom die knaap. Niemand vind dit meer verrassend om in perfekte Afrikaans te hoor "Doet, wor's dordie restoerant waar julle gister het gegeet?" nie. Dis nou maar wor's, die man is 'n boer. Al wat hy kort is 'n two-tone hemp, rooi veters en twee fris bobeenspiere wat kop uitsteek uit 'n donkerblou Mr Price PT short met 'n Noord Transvaal embleem daaraan vasgewerk.

En so kom en gaan die mense, want Jesca gaan weer van der land der Lugt in. Terug na Nederland. Haar afskeid is dermale uitgestel, so ons kan aflei dat sy 'n goeie tyd gehad het. En so ook die mense om haar. Vele World Cup games is by haar gekyk, lampe gebreek en herinneringe opgehaal van toen onze Jesca nog een Jes-katje was. Good luck ou blaar en sien jou weer!

So oor die World Cup gepraat, kom ons hou eerder ons mond.

Dit kry nie end nie, maar nog 'n Nederlandse Suid Afrikaner is ontdek: the one and only Ruard Stolper. Na sy ontdekking: wat toevallig op dieselfde dag was as 'n koffiedrink by sy huis en boonop nog sy verjaarsdag ook (alles in een: respect!) is hy nie meer so baie gewaar nie (die Olielamp deadline is vroeg), want hy het nog niks van sy wanderlust verloor nie. Scholars maintain hy is in Lesotho of Mosambiek of Botswana of Vanderbijlpark: iets eksoties in elk geval.

As ons na alles nog 'n gevolgtrekking moet maak, dan kan 'n mens in die eerste plek die stelling maak dat Suid Afrika 'n populêre verblyfspos is. Kyk maar na Bafana Bafana, hulle het die kans om hierdie Julievakansie na Duitsland te gaan, laat staan en lekker tuis gebly. En ons bly tog lekker hier! Genoeg rede wat dit betref om dankbaar te wees, innit?

Dit is nou die perfekte noot in B-Mineur om hierdie maand se uitgawe mee af te sluit. Pasop vir staplers in jelly.

Sien u weer
Voetspoor Aiiiiiii

BIBLE PUZZLES

"Letterfall"

Om op te los, pas die letters in elke vertikale kolom in die blokkies direk daaronder om woorde (wat van links na regs gelees word) te vorm. Die letters word nie noodwendig in die korrekte volgorde gegee nie. Elke letter word net 1 keer gebruik. 'n Swart blokkie toon die einde van 'n woord aan. Woorde kan van een reel na die volgende oorgaan. Wanneer al die letters in die regte blokkies geplaas is behoort dit 'n Bybelvers uit die Afrikaanse 1953 (Ou) Vertaling te vorm. (Leestekens is verwyder)

D	E	G	G	I	J	G	B	B	E	I	B	N	D	B	M	R	K	D	G	G	N	M	G	T	D	D	E	N	K
S	E	A	T		O	O	R	E	E	K	E	E	G	E	E	O	R	I	N	B	Y	I	E	A	M	A	A	S	
W	A	U	R		N	U	L	L	N		E	S		S	W	E	O	E	S		I	N		E	O	L	L	A	R	
L		E	S		G	E			D		K	N			E	S	T	R												
				■				■					■							■				■					■
				■						■										■			■						■
				■						■			■								■					■				
							■							■					■			■				■	■	■	■	

Do you know me?

#5

On the Bible page you'll find me / Full of deceit and lies
My sister I will say I loved / But my brother I despised
I tried to overthrow the government / For authority I did not respect
And when my neighbor didn't listen / His field I did wreck
My father did love me / And he loved me till the end
But even my father's love / Would not keep me from my sin
Oh, I was beautiful / And full of pride you might say
But when it came time to die / I died a most unusual way.

#6

I had a job from my master to do / That took a little time
And what I had to do sounds strange / But it was not a crime
I had to search and find someone / That I had never met
But when we met I knew it was she / And on that you can bet
Well I took an oath - followed the Lord - / I certainly accomplished my pursuit
I went on a journey in search you see / And I took a lot of loot
My trip went well just as I had hoped / It worked as God had planned
I found her there and I praised God / While in a distant land.

(antwoorde in volgende Olielamp uitgawe)

Antwoorde van vorige uitgawe:

Letterfall

Psalm 138:6 Want die HERE is verhewe; nogtans sien Hy die nederige aan,
en die hoogmoedige ken Hy uit die verte.

Do you know me?

#3 Goue beeld gemaak op bevel van koning Nebukadnesar
#4 Gemeente van Efese (Openb. 2)

Dank vir ...

10-jarige bestaan van die Olielamp

Bid vir ...

- leiding vir die komende jare
- seën oor die blad

Verjaarsdae

Bethal

Carma Coetzee	16-Jul
Jeanné Botha	18-Aug
Elize Botha	25-Aug

Johannesburg

Willem Kuyvenhoven	12-Jul
Maryna Bijker	22-Jul
Michelle Meeske	30-Jul
Marco Hamming	12-Aug
Willem Seijdlitz	26-Aug

Kaapstad

Rudolf Meijering	18-Jul
Elisabeth Aartsma	20-Jul

Maranata

Corneel Hagg	9-Jul
Jako Smit	17-Jul
Roelanie de Geus	22-Jul
Janneke de Jager	22-Jul
Linda de Vente	25-Jul

Pretoria

Ruard Stolper	2-Jul
Gys van der Meulen	4-Jul
Johannes Agema	12-Jul
Marlies Kleyn	17-Jul
Marjolein Stolper	18-Jul
Hilbert Lubbinge	1-Aug
Hilde Ros	5-Aug
Henrike Ros	6-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Rien Hordijk	21-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug
Martin Kamphuis	22-Aug